Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 16 Jan. 1946. No. 8.

# OORWINNAARS-VERBOND OPGERIG

## MAGSPOLITIEK DEUR VYF GROTES

*Die Tweede Volkebond is verlede Donderdag formeel in Londen van stapel gestuur. Nadat die mees verwoestende oorlog in menseheugenis tot stilstand gekom het, het die verteenwoordigers van 51 oorwinnaarsvolke byeengekom om 'n Volkebond te stig waarvan geeneen verwag dat dit wêreldvrede sal handhaaf nie, die regte van klein nasies sal beskerm nie, of harmonie tussen die grootmoondhede sal bewerkstellig nie.*

*Die Tweede Volkebond sal onder die plakvan die vyf Grootmoondhede staan. In hierdie sin is dit dan ook nie 'n volkebond nie maar wel 'n oorwinnaarsverbond.*

*Deur die Eerste Volkebond het minstens 'n dun draadjie van idealisme geloop: deur die Tweede streep die kille realisme van magspolitiek.*

### DIE ALGEMENE VERGADERING

Die basiese orgaan van die nuwe Volkebond is die Algemene Vergadering van die Verenigde Volke. Uitgesluit van die Vergadering is die volke wat in die Tweede Wêreldoorlog aan die verloorkant geveg het, insluitende Finland wat die agressie van Sowjet-Rusland die hoof gebied het. Voorts is uitgesluit al die lande wat die vrede gehandhaaf het, bv. Spanje, Portugal, Switserland, Swede en Ierland.

### DIE „VEILIGHEIDSRAAD"

Hierdie liggaam beskik oor geen werklike mag nie. Sy taak is die produksie van woorde. Die werklike mag is geleë in wat ironies genoem word die „Veiligheidsraad". Hierdie raad is die gesag en die uitvoering van die Tweede Volkebond. Die Raad bestaan uit elf lede: vyf permanente lede, die verteenwoordigers van die Groot Vyf; en ses tydelike lede, die verteenwoordigers van ses klein volkies, wat by elke nuwe samestelling van die Raad moet wissel.

**Besluite van die Raad is alleen geldend mits dit eenparig gesteun word deur die vyf permanente lede. Dit verseker die dominasie van die Groot Vyf en is waarborg dat sake waaroor die Vyf dit oneens is nooit ter sprake sal kom nie.** Dit hou al dadelik kwessies soos Russiese inmenging in Iran, Palestina, Egipte, Indië, China, Boelgarye, Roemenië, ens. uit die raadsale van die Tweede Volkebond.

### DIE TRUSTEESKAPSRAAD

'n Ander arm van die Tweede Volkebond is die Trusteeskapsraad, wat die Groot Vyf natuurlik ook domineer. Hierdie raad sal internasionale mandaatskap uitoefen oor die mandaatgebiede van die Eerste Volkebond sowel as oor ander verowerde gebiede, in plaas van hierdie gebiede onder mandaat te plaas van 'n belanghebbende lid van die Bond, soos die Eerste Volkebond bv. gedoen het.

**Dit hou in dat Suidwes-Afrika bes-moontlik nou onder internasionale mandaat gaan kom in plaas van beheer te word deur die Unie, soos vroeër.**

### SMUTS AFWESIG

Die feit dat veldm. Smuts, die vader van die Eerste Volkebond en aanporder van die Tweede, nie na Londen gegaan het vir die stigtingsvergadering nie, en ook nie eers een van sy ministers soheen gestuur het nie, dui op 'n vrees by die veldmaarskalk dat hy na Suid-Afrika sou moes terugkeer met die jobstyding dat Suidwes weggeskeur is van die Unie af.

**As Suidwes onder mandaat van die Tweede Volkebond se Trusteeskapsraad geplaas word, kry kommunistiese Rusland seggenskap in 'n gebied wat grens aan die Unie van Suid-Afrika.**

**Dit sal 'n mooi beloning wees vir S.A. se oorlogspoging!**

# Uniale Laertrek Op Bloemfontein

## Wisselwerking Tussen Leiding en Gevolg



Gebiedsleier, genl. dr. F. du T. van Zyl skryf soos volg:

**Die krag en doeltreffendheid van 'n volksbeweging hang af van 'n gesonde wisselwerking tussen leiding en gevolg. Om dit te verseker poog die O.B. om jaarliks 'n laertrek van alle offisiere te hou. By hierdie geleentheid vra die leiding om vrye kritiek, raad en aanbevelings waardeur die werk van die Beweging bevorder kan word. Terselfdertyd verskaf dit die leiding 'n geleentheid om rekenskap te gee van sy rentmeesterskap, die „Waarom en die Hoe" van sy optrede te verduidelik en die vertroue van die gevolg te toets.**

Hierdie geleentheid word ons aangebied op 7 en 8 Februarie te Bloemfontein. Dis 'n geleentheid waarvan elke offisier behoort gebruik te maak.

Noudat die rumoer van die oorlog effens bedaar het en mense weer nugter kan dink, het dit nodig geword dat die O.B. opnuut sy doelstellings aan die Afrikanervolk stel soos hy dit in 1938 gestel het. Die oorlog, deur die tydelike geesdrif wat dit meegebring het, het eindelik geblyk slegs 'n belemmerde faktor te gewees het in die stryd van die O.B.

**Ons aandag is afgetrek van die langtermyn-beleid waarop ons volkstryd gebaseer was en ons het begin soek na die kortpaadjies na vryheid wat 'n ander verloop van die oorlog kon meegebring het. Sulke kortpaadjies word selde aangetref in die lewe van 'n volk. 'n Volk word groot en selfstandig slegs deur die geduldige messelwerk van die volksboumeester.**

Die O.B. het in 1938 tevoorskyn getree as die boumeester van die Afrikanervolk, kultureel, maatskaplik en ekonomies.

**Gedurende die storms van die oorlogsjare het hy op voorbeeldige wyse sy taak verrig. Hy is gekwes en het gely, maar hy is ook gelouter geword en staan tans gereed om onder kalmer omstandighede voort te gaan met sy volkstaak.**

**In Bloemfontein sal u kennis neem van en beraadslaag oor die langtermynbeleid wat deur die Grootraad voorgestel word tot verwesenliking van ons volksdoel.**

# Hulle Gaan Indië Vir Die Britse Ryk Probeer Behou



**Die Britse parlementêre afvaardiging na Indië, wat tussen ses en agt weke daar gaan deurbring om „die politieke situasie aldaar te bestudeer".**

**Op 'n vergadering in Sind het Nehru verklaar dat as die Kongresparty bewind aanvaar, dit op die grondslag sal wees dat die Britte uit Indië moet padgee. Voorts het hy verklaar dat hy verlang na 'n federasie van Indië, Birma, Maleia, Ceylon, Persië en Afghanistan. Dit lyk heel moontlik dat ons Indiërs miskien binne enkele maande ons onafhanklikheid sal verkry.**

# Russe Dwarsboom

Die wantroue wat tussen die Angel-Saksers en die Russe op die vergadering van die Tweede Volkebond heers, kan nie weggesteek word nie. Russiese dwarsboming van die verrigtinge duur voort.

Kenmerkend van die wêreldtoestand was Rusland se haastige poging om sommer op die openingsdag van die Tweede Volkebond sy gewig in daardie liggaam rond te gooi. Die Russe het nl. 'n „verrassing" veroorsaak deur hul eie voorsitter vir die Algemene Vergadering voor te stel. Die Russiese voorstel is met 28 teen 23 stemme verwerp en dr. Paul Henni Spaak, Belgiese minister van buitelandse sake is verkies.

Voorts het die Russe voorgestel dat die verkiesing van die ses nie-permanente lede op die Veiligheidsraad uitgestel word, berig Sapa. Die Amerikaanse minister van buitelandse sake het hom egter hierteen verset en die vergadering het met 34 stemme teen 9 besluit om die lede te kies. (Die verteenwoordigers van 8 lande het buite stemming gebly).

Die nie-permanente lede van die veiligheidsraad is: Australië, Brasilië, Egipte, Meksiko, Nederland en Pole.

# Laaste Boodskap van Hitler aan Sy Volk

**„Bo alles wil ek dit by die regering van die volk en die volk inskerp om die rassewette tot die uiterste te handhaaf en hulle genadeloos te versit teen die vergiftigers van alle volke — die internasionale Jodedom," verklaar Adolf Hitler in 'n dokument wat deur sy seëvierende vyande gepubliseer word as sy politieke testament en laaste boodskap aan die Duitse volk.**

**Voorts verklaar Hitler nadruklik dat hy geen oorlog verlang het nie, maar dat dit op hom afgedwing is deur internasionale staatsmanne wat òf van Joodse afkoms is, òf Joods-Kapitalistiese belange het.**

**Hy bestempel die Jode, die internasionale finansiële sameswEerders, as die opstokers van die afgelope oorlog. Die volke van Europa, sê hy, sal vergelding van die Jode eis wanneer hulle besef wat hierdie oorlog vir hulle meegebring het.**

Sy testament werp lig op sy lewenslange stryd teen die Kommuniste, die internasionale Jodedom en die uitbuitende Kapitalisme.

Aan sy volk, wat hy in selfloosheid gedien het, getuig Hitler dat hy verkies om soos miljoene ander van sy volksgenote 'n eerbare dood te sterf, eerder as om na die vyand oor te stap, genade te vra en sodoende tot eerloosheid gedwing te word.

**„Ek sterf blymoedig in die trotse wete van die onberekenbare dade van die Duitse weermag aan die fronte," lui sy afskeid.**

# Seggenskap Volgens Nering

Na aanleiding van gedagtes wat in die openbare pers gewissel is oor die verbetering van die parlementêre masjien skryf Southern Cross:

„Die ware oplossing van die probleem is geleë in die stelsel van beroepsverteenwoordiging, waarvolgens diegene wat beste bekend is met die verskillende nerings van die volk wette sal optrek, binne die raamwerk van neergelegde algemene beginsels, vir die beheer van hulle besondere neringsgroep."

Laat almal U PYP VERWELKOM




REMBRANDT TOBACCO CORPORATION (Overseas) Pty. Ltd

Ontvang Maandeliks 'n GOEIE ROMAN

teen 15% Korting.

TEKEN IN OP DIE

**Pro Ecclesia-Biblioteek**

PRYSE VANAF 6/6 TOT 8/6 PLUS PORTO

Vanaf Februarie verskyn daar die volgende Romans:

H. J. M. Redelinghuys:
EERS DIE KONINKRYK.
'n Godsdienstige Roman.
7/6, porto 4d.

Danie Stegman:
SKOORSOEK.
'n Humoristiese Roman.

Pieter H. Venter:
VRUGTE VAN DIE NOODLOT.

Verdere Romans sal later aangekondig word.

NUWE BOEKE



DIE VERSKRIKLIKE DR. PERRON
deur WALTER SPIETHOFF
'n Humoristiese Verhaal
2/9 Posvry.




MARYNA
deur M. MALHERBE en A. E. CARINUS
'n Familie-Verhaal
2/9 Posvry.

ROMANS:

NAJAARSROSE
deur Ella Eloff v/d Walt. 9/- posvry

TEEN DIE STEILTES
deur J. Nel v. d. Merwe. 8/6 posvry

WêRELDSLOON
deur T. C. Pienaar. 6/10 posvry

MOORD OP KROONBAAI
deur Karl Kielblock. 8/6 posvry

HERINNERINGE
deur Zelia Myer. 6/10 posvry

ONVERMYDELIKE LEWE
deur Sophie Roux. 10/- posvry

COERT BLOEMSEN SE GEHEIM
deur Mikro. 6/10 posvry

GELUKSOORD
deur Elizabeth Vermeulen. 9/- posvry

DR. ELISE
deur M. Steyn v. Rooyen. 8/- posvry

STIL ROOI AARDE
deur C. A. Groenwald. 7/10 posvry.

DIE LOKSTEM
deur Roelf Britz. 8/6 posvry

Vergesig-Boekery
Die Gierigaard se Dogter
deur Honoré de Balzac .. .. 10/6
Tien Jaar Tronkstraf
deur Silvio Pellico .. .. .. .. 10/6

**Pro Ecclesia-Boekhandel**

POSBUS 29 — STELLENBOSCH
Meld „Die O.B." in u Bestellings


## Soos Ons Lesers dit Sien

# 'n Vader se Reis In Die „Vleistrein"

## Stormloop Vir 'n Ribbetjie

„Huisvader", Kaapse Skiereiland, skryf onthullend as volg:

**Ek het gisteraand aan my vrou die gedagte ter oorweging gegee, om na die magistraat van my gebied te gaan, en hom dan te vra wat my as huisvader van 'n gesin te doen staan, aangesien ons nie kos kan kry nie.**

Sy het my afgeraai omdat ek die vasberadenheid te kenne gegee het, dat ek die magistraat se kantoor nie sou verlaat, sonder dat hy my ten minste goeie raad gegee het, wat ons kos- en veral vleisposisie sou houdbaar maak en vereenvoudig nie.

Ek het die geld, en as dit nie was dat my vrou 'n invalide en bedlêend is nie, dan sou ek al reëlings getref het, dat ons gesin van vier tenminste die warmkosmaaltyd daeliks en permanent in 'n openbare eetplek nuttig.

Vir 'n paar dae reeds het my vrou aan my die oorweging gestel, dat ons maar liewer ons kleurling-bediende aan die einde van die maand moet laat gaan, omdat sy nie kos het om aan haar te gee nie. **(Vir drie weke het my vrou nog nie daarin geslaag om 'n enkele onsie skaap- of beesvleis in een van die Skiereilandse slaghuise te bekom nie.)**

### DIE „VLEISTREIN"

Met 'n moedelose gemoedstemming het ons gisteraand gaan slaap, maar ek het besluit om die wenk van 'n vriend wat in dieselfde straat as ek woon, te volg en saam met ander radeloses 'n vroeëmoretrein te haal, wat onder „ingeligtes" bekend staan as die „Vleistrein".

Vanmore om vyfuur was ek op, en met 'n „Ek gaan vleis soek!" het ek my vrou 'n koppie koffie in die bed oorhandig. Ek het 'n kaartjie gekoop, die trein gehaal en my koerant begin lees; maar toe ek my kom kry was ek onbewus van my dagbladnuus, want die geselskap van die massa vroue órals rond en om my met hul mandjies, koffertjies en papierhouers, het vir my as 'n vreemdeling in Jerusalem eenvoudig met verbasing betower. Die onthullings oor die swartmark en wat agter die skerms plaasvind en hoe dinge gedoen en kos verkry word, was vir my nuus, soos Sapa-Reuter moeilik sal kan lewer.

### DIE STORMLOOP

By stasie na stasie het die „vleistrein" se vrag huisvrouens met mandjies, kindertjies en selfs stootkarretjies aangegroei. Uiteindelik op die bestemming aangekom, was daar 'n interessante stormloop van oud en jonk, klein en groot deur selfs oopveld en slote, wat my laat dink het aan die dae toe ek nog op delwery-gebiede woonagtig was.

Wat by die vleisbron gebeur het, en te hore was, sal enige persman se groot tone laat bewe van lekkerkry. Ek het vir 'n hele paar uur op ongeveer 'n vierkante-voet-ruimte roerloos en gedruk moes staan, en vir die eerste keer in my lewe het ek gewens om 'n joernalis met 'n kamera te kon wees.

Toe ek om nege-uur op kantoor in die stad moes wees, het ek nog steeds daar gestaan. Nadat ek ten lange laas 'n vleisie in die hande gekry het, en uiteindelik teen halfelf weer tuis was, het ek die eerste telefoonhokkie bygedam om aan my werkgewer te sê, dat ek onvermydelik nie vóór eers na elfuur in my kantoor agter die lessenaar kon wees nie.

### WEG MET SO 'N OWERHEID

Ek het hom by my aankoms meegedeel, dat ek na drie weke vir die eerstemaal vanmore 'n stukkie vleis vir my gesin, op 'n heel besondere manier, bekom het. Hy was nogal baie geïnteresseerd om presies te weet hoe ek dit reggekry het. Ek kon hom egter verseker dat ek nie by die swartmark was nie!

**Ek beskou dit as 'n skande dat die bestaande stelsel my dwing om op so 'n tydrowende en agterstevoor-manier 'n stukkie vleis te bekom. Wat my betref sê ek: „Weg met hierdie stelsel! en weg met die owerheid wat so 'n stelsel toelaat!"**

## *DEMOBILISASIE*

Sedert die beëindiging van die oorlog tot einde November is meer as 69,000 soldate uit die Unie-leër ontslaan, lui 'n amptelike verklaring van die direktoraat van demobilisasie.

Tans word ongeveer 20,000 soldate maandeliks ontslaan.





*'n Egte Suid-Afrikaanse Produk*

Kry dit by u Handelaar of Apteker

Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK.
Posbus 1380 — KAAPSTAD


# IN 1938 AL MET POLITICI GEBOTS

## *PROF. DU PLESSIS VERDUIDELIK*

**In die artikel oor die Ossewatrek in ons uitgawe van 5 Desember is verwys na 'n voorval by Vegkop, wat eintlik moet wees Koppies waar die volk in botsing gekom het met 'n onderleier van 'n politieke party. Die korte verwysing mag die indruk skep asof die betrokke leier, naamlik prof. L. J. du Plessis, partypolitiek wou praat, wat heeltemal verkeerd was. Hy is slegs doodgeskreeu omdat die volk gedink het hy wou partypolitiek praat.**

Prof. Du Plessis het in verband met die voorval as volg verduidelik aan 'n verteenwoordiger van Die O.B.:

### BOTS MET POLITICI

**„Dit was juis een van die gevalle waar ek toe reeds met die politici gebots het.**

„Ek was (saam met ander kultuurvoormanne) op weg om met dr. Malan en ander N.P.-leiers te gaan pleit dat hulle sou toelaat dat genl. Hertzog altans die hooftoespraak op Pretoria by die monument sou hou, soos dr. Malan trouens op Bloedrivier sou doen. Maar tevergeefs.

**„En in die gees van daardie sending het ek toe op Koppies gesê dat ek, hoewel voorsitter en 'n onderleier van die N.P. in die Transvaal, dit tog noodsaaklik ag dat genl. Hertzog as senior-Afrikanervoorman die hooftoespraak by die monument-hoeksteenlegging op Pretoria sou voer.**

„Maar toe ek in hierdie verband genl. Hertzog se naam noem, het een van sy verbitterde volgelinge gedink dat ek besig is om 'n partypolitieke aanval op hom te maak en hy het begin skreeu, met die gevolg dat 'n boehaai ontstaan het en ek selfs nie daardie sin kon voltooi nie."

## Skaars Kos en Kaartstelsel

**'n Kaartstelsel om skaars voedsel regverdig te verdeel onder klante, is ontwerp deur twee Bloemfonteinse kruideniersake. Dit sal verseker dat elkeen sy juiste deel ontvang en nie veronreg word deur persone wat van winkel tot winkel loop en skaars voorrade opkoop nie.**

Die kaartstelsel, waarop die hoeveelheid voedsel en datum aangedui word, blyk 'n sukses te wees. Dit word tans op botter toegepas en na verwagting sal dit binnekort op alle beperkte voedselsoorte toegepas word.

**Daar word gehoop dat die stelsel die opgaring van voedsel deur mense wat dit kan bekostig, uit die weg sal ruim. Dis een van die grootste probleme waarmee winkels vandag te kampe het.**

## Seuntjie van Hoofkomdt. Verdrink

**Terwyl hfkomdt. P. W. Buys, adjudant vir die generaal van Gebied F4, met sy gesin met vakansie was op 'n plaas in die Rustenburg-distrik, het hulle 7-jarige seuntjie, Pietertjie, op tragiese wyse die lewe verloor.**

Pietertjie wou 'n end gaan stap, en aangesien sy ouer broertjie nie lus gevoel het om saam te gaan nie het hy alleen gegaan. Toe die niksvermoedende ouers later in die voormiddag na hom soek, was hy nie te vinde nie. 'n Soektog het begin en die lykie was weldra gevind onder die water in 'n dam wat nie ver van die woning af is nie.

Op Saterdag, 29 Des., was die stoflike oorskot van Pietertjie in die Pretoriase kerkhof ter ruste gelê. Talryke familielede, vriende en mede-brandwagte het die begrafnis bygewoon.

**Alle offisiere en brandwagte van Pretoria wens hulle innige meegevoel met die bedroefde ouerpaar te betuig en hulle as trooswoord toe te voeg Matt. 19: 14 — „Maar Jesus sê: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele."** —(Eie Berig.)

## Engeland Keer Ons Petrol Voor

**Rantsoenering van petrol sal opgehef kan word, as 'n Amerikaanse aanbod om petrol na die Unie te vervoer aanvaar word, berig Die Vaderland na aanleiding van gesprekke wat die blad met sakemanne gevoer het.**

Hierdie aanbod kan egter nie aanvaar word nie omdat Engeland daar 'n stokkie voor steek. Engeland wil voorkom dat Suid-Afrikaanse sterling-geld na 'n dollar-gebied vloei.

**Engeland self, van wie Suid-Afrika verplig word om te koop, het nie genoeg tenkskepe om petrol na die Unie te vervoer nie. Gevolglik moet ons land sonder petrol bly.**

Belanghebbende sakemanne meen dat die kontrolering van petrol nie opgehef sal word voor einde Junie nie. Intussen versoek die petrol-kontroleur die publiek om maar 'n minimum petrol te gebruik aangesien voorrade beperk is.

## Dank Aan Die O.B.

Mev. M. Rost skryf as volg:

Namens my en my man, ons hartlike dank vir die hulp verleen terwyl my man, 'n gebore Duitser maar Suid-Afrikaanse onderdaan, in die tronk en kamp was.

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat en hom nie aan die vyand uitlewer nie."**

# Europa In Die Greep Van Woestaards en Winsjagters

***Berigte uit Europa teken 'n ontsettende prentjie van moord en doodslag, winsjagtery en roof en bose geweldenary. Die oorlog het die walle gebreek en 'n ware vloedgolf van wetteloosheid en misdaad spoel oor Europa, — met gedroste soldate op die voorpunt van die gety.***

**SWARTMARKBEDRYWIGHEDE**

Die Militêre Hoofkwartiere van die V.S.A. in Berlyn het in 'n amptelike verklaring bekendgemaak dat „die Amerikaanse soldate gedurende die eerste vier maande van die besetting van Duitsland, 11,078,925 dollar meer as hulle totale besoldiging, Amerika-toe gestuur het.

**Stars and Stripes, die amptelike Amerikaanse leër-koerant, skat die omvang van Amerikaanse soldate se swartmarkbedrywighede in Berlyn, op 10,000,000 dollar maandeliks.**

**PLUNDERING**

By geleentheid van 'n krygsraad in Munster, Duitsland, waar hoë Britse offisiere, insluitende 'n Kapelaan, tereg gestaan het op aanklag van die diefstal van 3,900 bottels drank, tydens 'n gewapende aanslag op 'n Duitse drankwinkel, het die offisier vir die verdediging verklaar: „Daar sal verskriklike skandale openbaar word as ondersoek word hoe die drankvoorrade van elke offisierstafel in Duitsland bekom is."

**Na aanleiding van hierdie verhoor verwonder The People hom dat „korrespondente sodanig swygsaam was oor die plundering wat op die inval in Duitsland gevolg het." Die blad sê by weet selfs van 'n waardevolle motorkar wat 'n Nu-Seelander met hom saamgeneem het huis-toe in 'n vliegtuig!**

**TERRORISME**

Die Manchester Guardian skryf dat dit gevaarlik is om nagtelike ritte op Italië se paaie te onderneem. „Afgesien van die plaaslike padrowers swerf daar ongeveer 25,000 Amerikaanse, Britse en ander Geallieerde drosters op die platteland rond. Hulle is dikwels soos militêre polisie of soldate vermom en hulle is almal gewapen."

**In sommige buurtes van Londen, wat eens beskou was as die veiligste stad in die wêreld, regeer die terrorisme van rampokkerbendes vandag, skryf Reynolds News. Die rampokkers is meesal ontslane dog gewapende Poolse soldate.**

Volgens amptelike polisiesyfers is daar in Budapest, gedurende Septembermaand 1,998 moorde gepleeg, 1,500 waarvan die gevolg was van roof en diefstal.

Die kroon van hierdie ontsettende prentjie is die Russiese soldatedom wat met skriklike hand verwoesting en verderf in Europa saai.

**26 ROWERBENDES**

Sapa-Reuter berig uit Praag dat altesaam 26 rowerbendes wat hoofsaaklik uit drosters uit verskillende leërs saamgestel is, tans 'n skrikbewind in Sentraal Europa voer. Hierdie bendes trek van die een plek na die ander en roof en moor net so ver as hulle gaan. Sodra soldate opdaag, verdwyn hulle in die digte bosse.

Daar is veral drie berugte rowermagte wat in Pole, Tjeggoslowakye en Hongarye optree. Hulle heet die Wlasof, die Bender- en die Armia Krajowa-bendes. Oor hul totale sterkte word gegis, maar 'n gesaghebbende skat dat die Bender-bendes alleen sowat 20,000 man tel.

**DIE WLASOF-BENDES**

Die meeste van die Wlasofbendes wat hulle hoofsaaklik tot Suid-Morawië en Suid-Slowakye beperk het, is nou aangekeer. Hierdie bendes bestaan uit magte van die Russiese generaal Wlasof wat op 'n keer met die Duitsers saamgewerk het.

Sy bendes het baie plattelandse distrikte geterroriseer. Selfs nou nog is van die oorblyfsels van de Wlasof-bendes nog nie aangekeer nie en hulle maak dit vir mense gevaarlik om in die donker langs eensame paaie te reis.

**DIE BENDER-BENDES**

Die Bender-bendes het hulle onlangs op gebiede in Oos-Slowakye toegespits. Hierdie bendes is saamgestel uit Oekraïniërs, Russe, Hongare en 'n paar Slowake. **Hulle beskryf hulself as anti-Kommunisties en anti-Pools.**

Hulle is met gewers, rewolwers en ligte en swaar masjiengeweers gewapen. Hulle het volop skietgoed en word dikwels deur Duitse offisiere gelei. Dit is bekend dat hulle verantwoordelik is vir die uitwissing van die bevolking van verskeie klein Poolse dorpies en vir die dood van 15 Jode in twee ander dorpe.

In Oos-Slowakye het hulle baie kommunistiese lede van plaaslike nasionale komitees vermoor en die kommuniste dermate die skrik op die lyf gejaag dat baie van hulle hul Kommunistiese Party-kentekens ingelewer het.

**VOLOP GELD**

Dit blyk dat die Bender-bendes goed van geld voorsien is met inbegrip van Amerikaanse dollars en Engelse note. Hulle vertel aan mense dat hulle met die volle steun van die Amerikaanse regering teen die Russe optree.

**„LEËR VAN DIE BINNELAND"**

Die Armia Krajowa, oftewel „leër van die binneland", is saamgestel uit Pole en tree nou hoofsaaklik in Pole op. Die lede van die bende leef in die bosse. Hulle is grootliks verantwoordelik vir die mishandeling van Jode en Duitsers in Pole.

Al hierdie rowerbendes is uitsluitend saamgestel uit woestelinge. Hulle is feitlik almal drosters na wie die polisie soek vanweë ernstige misdade.

## *Elke Dag 'n Moord*

Die Amerikaanse geheimediens meld dat daar weekliks ses tot sewe burgerlike persone in die hartjie van die bomverwoeste Berlyn 'n gewelddadige dood sterwe, berig Sapa-United Press.

# NUWEJAARSFEES

**Die jaarlikse viering van Nuwejaarsfees op die plaas van Oom Andries van Coller, naby Pretoria, was vanjaar weer 'n groot sukses.**

**Van vroeg die vorige dag af het etlike gesinne reeds op die feesterrein uitgekamp. Die oorgrote meerderheid van die feesgangers het egter eers vroeg op Nuwejaarsdagmore hulle verskyning gemaak. Reeds van sonop af het motors en vragwaens in toue die feesterrein binnegekom. Die son was nog skaars bo die boomtoppe uit of 'n bonte skare van feesgangers het reeds deurmekaar gevleg, sommige om hulle vir die verskillende sportitems in te skryf en ander weer om vas te stel wat daar alles by die tente en in die ruim feessaal op die terrein aan versnaperinge te bekom was. 'n Ware feesstemming het van vroeg die more af al onder die Boere geheers en die heerlike koue etes, koffie, gemmerbier en ander smaaklike Boeregeregte het baie daartoe bygedra om die feestelike stemming te verhoog.**

**SPORT**

Aan sportgeleenthede het dit nie kortgeskiet nie. Daar was genoeg van alle sportsoorte wat by 'n egte Boerenuwejaarsfees tuishoort. Daar was perdewedrenne, jukskei, volkspele, toutrek, reisies, kindersport en nog baie ander vermaaklikhede. Verteenwoordigers van die Uitsaaikorporasie het twee plaatopnames by die fees kom doen — een van die volkspele en die tweede van die Stoeldans, 'n baie vermaaklike item by die perdesport.

Een van die aangeleenthede wat besondere belangstelling geniet het was 'n baba-tentoonstelling wat inderhaas georganiseer was. Die tentoonstelling was van kinders onder drie jaar en altesaam 33 van die kleingoed het meegeding.

Die openingswoord en verwelkoming van die gaste was deur Oom Danie Malan gedoen, waarna prof. Wolmarans 'n kort maar boeiende toespraak gelewer het.

**Hierdie jaarlikse Nuwejaarsfeeste het sy groeiende sukses aan bekwame O.B.-organisasie te danke, en almal wat met die veelvuldige werksaamhede gehelp het, verdien 'n woordjie van hartlike dank vir wat hulle gedoen het en een van geluk-wensing met die groot mate van sukses wat hulle behaal het.—(Eie Berig.)**





WAARDE VIR GELD

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg, MAITLAND.

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

Paarl Monumentale-Werke
(EIEN.) BPK.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)

SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS

Direkteure:
L. A. B. Bohlman – M. Bohlman
Gevestig 1898

GELEENTHEID kom gewoonlik ONVERWAGS — wees voorbereid!

Belangrike poste word deur OPGELEIDE persone verkry. Honderde T.A.K.K.-studente beklee reeds goed besoldigde betrekkings. U kan net so suksesvol wees. Pos hierdie koepon vandag.

TRANSAFRIKAANSE Korrespondensie-KOLLEGES

Waarby ingelyf is Universiteits-Korrespondensie-Kursusse (Eiens.) Bpk., Pretoria, en Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege, T.O. Johannesburg.

Aan: Die Registrateur,
Transafrikaanse Korrespondensiekolleges (Eiens.) Bpk.,
Dept. O.B., Bus 640, Pretoria.

Stuur my, sonder enige verpligting aan my kant, besonderhede omtrent julle kursusse.

Naam ..............................
Adres ..............................
..............................
Eksamens afgelê ..............................
Ouderdom ..............................

Skryf asseblief in Drukletters.

VERSIGTIG SPEEL!



Om jou toekomstige welvaart sommer losweg aan die genade van „die geluk" oor te laat, is wisselvallig en gevaarlik.

Maak betyds SEKER. Sorg op praktiese wyse vir die dag wanneer die wêreld „op sy kop" mag staan!

Sorg deur—
'n SANLAM-Polis

SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

7268-9

DIE O.B., WOENSDAG, 16 JANUARIE 1946.

# 'N VOLKSFRONT

*Die ontsettende chaos wat uit die wanbestuur van die Smuts-regering vloei, stoot die kwessie van Afrikanereenheid dringend na vore as die onverbiddelike voorvereiste van enige offensief om veldm. Smuts en sy oorlogsbewind uit die groen kussings te lig.*

Solang die verdeeldheid in die Afrikanergeledere voortduur, solang sal veldm. Smuts stewig in die saal bly sit. Die gemor in die stede oor sy wanbestuur en selfs voedsel-onluste sal hom nie ontsetel nie.

Die magtigste V-wapen waaroor veldm. Smuts beskik is die kunsmatige Afrikanerverdeeldheid. Alleen die natuurlike eenheid van alle Afrikaners op grondslag van gemeenskaplike bloed, taal, verlede, hede en toekoms kan hom tot onvoorwaardelike oorgawe dwing.

*Daarom beklemtoon die O.B. vroeg en laat die noodsaaklikheid van die totstandkoming van 'n Volksfront.*

## 'N VRYE VOLKSRAAD

In die Volksfront sal die nasionale en sosiale kragte van die volk saamgetrek word vir 'n grootskaalse offensief teen alle anti-nasionale en kapitalistiese magte.

*Deur middel van die Volksfront wil die O.B. vir die volk van Suid-Afrika 'n Volksraad daarstel, bestaande uit volksverteenwoordigers, wat vryelik kan beraadslaag oor volksake.*

Dat hierdie vrye Volksraad, die huidige Raad, wat saamgestel word uit die verteenwoordigers van politieke partye, en wat onder die plak van die party-koukusse staan, sal vervang, hinder die O.B. geensins nie. Inteendeel, die O.B. sal die beëindiging van die partypolitiek en die koukusdiktatuur hartlik verwelkom.

## 'N GEMEENSKAPSRAAD

*Voorts deur middel van die Volksfront wil die O.B. vir die volk van Suid-Afrika 'n Gemeenskapsraad daarstel, bestaande uit die verteenwoordigers van die volk se nerings, wat in onderlinge oorleg die nasionale produksie en distribusie kan rig en orden.*

As die huidige Senaat moet plek maak vir hierdie Gemeenskapsraad sal niemand huil nie.

Deur middel van die Volksfront wil die O.B. eenheid en bestaansveiligheid aan die volk van Suid-Afrika besorg. *Die Volksfront is die enigste wapen waarmee die volk baasskap in sy eie huis kan verkry.*

# BRITTE ERF JOODSE WREWEL

**Die Jewish Herald berig dat Friedman Yellin, die voëlvry-verklaarde leier van die ondergrondse Sterngroep, met 'n prys van £500 op sy Joodse kop, in 'n onderhoud, wat „op 'n verlate plekkie êrens in Palestina" plaasgevind het, verklaar het:**

„Ons voer oorlog teen die Britse Ryk. Daar is geen alternatief nie. Die Britte is vasberade dat Palestina nooit 'n Joodse Staat sal word nie. Ons is ewe vasberade dat dit wel sal gebeur.

### RUSLAND

„Alle vredeliewende maniere om die Palestynse vraagstuk op te los het nutteloos geblyk. Dit is nou duidelik dat die strewe van die Joodse volk nie verwesenlik kan word deur middel van konferensies, kommissies en die opstelling van memoranda nie."

Hy het voorts gesê:

„Ons weet natuurlik dat Brittanje se verhouding tot Sowjet-Rusland ook by die probleem betrokke is. Vandag steek die Britte hul ware gevoelens teenoor Rusland weg. Maar hulle druk hul bajonette in ons rugte."

**Sapa-United Press berig dat in toesprake, tydens 'n groot Joodse betoging in Nu-York, verklaar is dat sedert Hitler dood is en die Duitse volk op sy knieë is, Brittanje die titel van „Vyand nommer 1 van die Joodse volk" verwerf het.**

Die vraag ontstaan of Brittanje as gevolg hiervan ook die weg van Duitsland sal gaan?

# Die Eie en Vreemde Het Gebots

Vandag word die Afrikanervolk met trane in die oë en 'n snik in die stem gesmeek om tog die Ossewabrandwag te laat staan en by een of ander politieke party aan te sluit — dan sal daar volkseenheid wees. Die groot rede waarom daar dan nie vandag volkseenheid is nie, sou dan wees omdat sommige mense nog aan die Ossewabrandwag behoort.

Die Ossewabrandwag bestaan sedert einde 1938 en om die waarheid van bostaande stelling te toets, moet mens alleen maar vasstel of daar voor 1938 al volksverdeeldheid was of nie. **Indien daar voor 1938 volksverdeeldheid reeds was, dan was dit in elk geval nie die Ossewabrandwag se skuld nie.**

### SAP EN NAT

**Vanaf 1912 is ons volk al verdeel in Nat en Sap! Dit is tog nie die skuld van die Ossewabrandwag nie. En sou almal vandag uit die Ossewabrandwag bedank, van kommandant-generaal tot korporaal, dan sou daar tog nog maar altyd Sap en Nat wees. En die Sappe sal sê die Natte moet hul party bedank en by hulle kom aansluit en omgekeerd.**

Ons merk dus dat die volk verdeel is sedert 1912 al. Sou dit dan wees omdat daar in 1938 'n ossewatrek was? of omdat dr. Van Rensburg in 1941 'n toespraak op Elsburg gehou het?

**Of sou dit nie dalk wees omdat in 1910 met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika die Britsparlementêre stelsel met huid en haar, met speaker en sergeant-of-arms, met pruik en kniebroek, met septer en whip ingevoer is nie?**

### ONS TRADISIE

Die Groot Trek, die ossewatrek en die Ossewabrandwag leer dat die Afrikanervolk 'n eenheid gebore is. Dit leer ons die gedagte van 'n volkseenheid saamgevat en gemobiliseer in 'n volksorganisasie met sy president, kommandant-generaal, kommandante en veldkornette. Ons volkstradisie is 'n tradisie van kommando's en het die duur les geleer: eendrag maak mag! **Is dit hierdeur wat ons volk in 1912 verdeel geraak het? Waarin het ons volk verdeel geraak? Partye. Watse partye? Ons volkstradisie weet niks daarvan nie. Dalk jagpartye of verjaarsdagpartye?**

Nee, om na die oorsaak van dié verdeeldheid te soek moet ons buite ons volkstradisie gaan. Binne ons tradisie sal ons niks verstaan nie.

**Ons moet gaan na 1910 toe daar vanuit Westminster ingevoer is 'n „parlement", met „ministers", met 'n „regerende party" en 'n „opposisie party", met 'n „speaker", 'n „sergeant-at-arms", 'n „whip" oftewel 'n „sweep", 'n „septer", 'n „eerste minister", 'n „komitee", 'n „eerste, tweede en derde lesing", 'n „senaat" oftewel „hoërhuis" of huis van here, 'n laerhuis, bygenaamd volksraad, 'n goewerneur-generaal" . . . .**

### TWEE

Nou hierdie gedoente leer aan ons dat jy moet 'n regering hê en 'n opposisie; dit beteken 'n teëstander — dus twee.

In 1910 en 1911 was ons nog dom, in 1912 was ons slimmer **en van toe af is ons volk netjies in twee verdeel — een deel is vir die regering en praat alles goed, baie keer teen hul beterwete — die ander is teen die regering en praat alles goed wat die opposisie nie doen nie— baie keer teen hul beterwete.**

Ons het gou al hierdie dinge geleer en ons „nasionale" eiendom gemaak net so gou as wat rugby ons nasionale sport, „ring-a-rosy" ons nasionale kleuterspel, „show me the way to go home" ons nasionale straatliedjie en „God save the King" ons nasionale volkslied geword het. Ons het heerlik gepolitiek, eleksies geveg en, soos dit met al hierdie ander dinge die geval naderhand was, dit beter gedoen as die Engelsman self. Die Engelsman kan by ons kom leer.

### OSSEWATREK

In 1938 kom die Ossewatrek. Binne die tydperk van drie maande word ons verplaas van nou na honderd jaar terug — vanuit die hede onder die Britse vlag en tradisie weer terug na die atmosfeer van die Boererepublieke. Ag, en was die lug nie nou aangenaam nie! **Nou hoor ons nie van goewerneurgeneraals met of sonder sirskappe nie, maar van presidente, nie van eerste ministers nie, maar staatssekretarisse, nie van magistrate nie, maar van landdroste en hemel sy dank niks van politieke partye nie maar van burgerkommando's!**

Was dit nie lekker in 1938 nie! Volgens sekere opgawes en ou koerantverslae was ons mooi in die middel verdeel in 'n gesuiwerde party en smeltparty. **Van 8 Augustus 1938 het ons daarvan vergeet en om die waens ons eenheid verkry ten spyte van hierdie partye (1910-model in ons land, heelwat ouer model in Engeland).** Ons volk was 'n eenheid honderd jaar terug, met sy eenheidsorganisasie, die Boerekommando's — hierdie waarheid het tot ons deurgestraal! Waarom kan ons nie weer so 'n eenheid vind nie?

### TWEE WAS ONTEVREDE

Die volk het dit gevind. By sy tienduisende het hy dit gevind — met die Ossewabrandwag — burgerkommando's net soos in die Boererepublieke van kommandant-generaal tot korporaal. Die volk was hiermee tevrede — maar twee persone was nie tevrede nie.

Persoon No. 1 was die eerste minister (Engels: prime minister). Hy het begin lol met ons kommando's en die staatsamptenare dit belet.

Persoon No. 2 was die opposisieleier. **Hy het gesê ons moet nou ophou met laf wees en ons kommando's laat staan. Hy het dié wat nie staatsamptenare is nie, ook belet.**

# Hongersnood Bedreig Naturelle

„Vir die naturelle van die land staan besliste hongersnood voor die deur as daar nie volop mielies uit ander lande van die wêreld verkry kan word nie", het maj. R. D. Doyle, lid van die Uniebeheerraad, voor die Waterbergse boerevereniging verklaar, berig Sapa.

„Vandag kan die naturel selfs nie eers op die swartmark sy daaglikse rantsoen van driekwart pond mieliemeel kry nie."

Die toestand is baie maande gelede onder die aandag van die voedselkontroleur en die regering gebring, maar hulle het niks gedoen nie, het maj. Doyle gesê.

# Turkye Weerlê Russiese Eise

**Die Russiese aanspraak op Turkse grondgebied wat voorrang in die Sowjet-pers geniet, is glad nie te regverdig nie, lui 'n verklaring deur die Turkse Eerste Minister.**

Die Russiese pers beweer dat die Kars en Ardaban van Rusland afgeneem is, in 'n periode toe Rusland swak was.

**Die Turkse omroep verklaar dat hierdie gebiede gedurende die eerste wêreldoorlog as gevolg van 'n volkstemming, wat oorweldigend ten gunste was van inlywing, teruggegee is aan Turkye. Dit is Turkse gebiede met 'n Turkse bevolking en daar is hoegenaamd geen regverdiging vir die Russiese eise nie.**

'n Betoging deur duisende studente wat volksliedere gesing het, het in die strate van Ankara plaasgevind. Hoewel hulle deur die polisie uitmekaar gedryf is, is hulle vasberade om die Russiese eise tot die dood toe te weerstaan.

**Die Verenigde State, Brittanje, Swede en Griekeland het intussen deur middel van pers- en radio-verklarings hul simpatie met Turkye betoon.**

# Duitse Leiers Se Baie Vriende

Meer as 37,000 mense het gevra om persoonlik te kom getuienis aflê ten behoewe van die Duitse leiers wat in Neurenberg verhoor word, berig Sapa.

# Het Russe Ook Die Atoombom?

**Die ontwikkeling van 'n atoombom deur Russiese wetenskaplikes, wat die Amerikaanse atoombom verouderd gemaak het, word aangekondig.**

Hierdie atoombom is voltooi met die hulp van twee Duitse wetenskaplikes, Hertz en Voller wat na hul gevangeneming hulle eie suksesse aan die Russe openbaar het en deurslag gegee het tot die maak van die nuwe verbeterde atoombom.

### DUITSE BREIN

As gevolg van die beginsel wat deur die Duitse wetenskaplikes ontwikkel is, kan die Russiese bom enige grootte hê en oortref dit die Amerikaanse produk in hierdie opsig.

Proefnemings wat tot dusver gemaak is, het geblyk 'n sukses te wees, word beweer.

**President Truman staan skepties teenoor hierdie nuwe bom wat die Amerikaanse sou oortref. Hy verklaar dat hy geen rede het om aan te neem dat die Russe oor so 'n bom beskik nie.**

### SUID-AFRIKA

Suid-Afrikaanse wetenskaplikes is begerig om ons eie uranium-bronne te ontwikkel. Hulle is die mening toegedaan dat ons eie bronne van meer as verbygaande betekenis is. Dit word beskou dat die bestaande bronne ontginning betalend sal maak, indien daartoe oorgegaan word.

# Weereens 'n Parlement-Sitting

# Babbelary oor Dringende Probleme

***Op die agtiende dag van Januarie 1946 sal die derde sitting van Sy Majesteit se negende parlement van die Unie van Suid-Afrika met volle seremoniële vertoon deur Gideon Brand van Zyl, Goewerneur-Generaal van Suid-Afrika geopen word.***

***Sedert hierdie parlement laas bymekaar was is daar, gedurende die reses, in partypolitieke kringe heelwat kritiese bespiegelings gelug oor die doeltreffendheid, al dan nie, van die parlementêre masjien.***

**Die Ossewabrandwag verwelkom bespreking van en kritiek op die parlementêre stelsel. Hy beskou die parlement as 'n onbevoegde masjien vir die behartiging van die volk se sake.**

**Die Ossewabrandwag beywer hom vir die afskaffing van die partypolitiek en die gevolglike vrymaking van die Volksraad uit die wurggreep van die partykoukusse; en voorts vir die totstandkoming van 'n Gemeenskapsraad met bestuurlike magte, waarin verteenwoordigers van die volk se nerings sitting sal neem.**

Verwag word dat gedurende die sitting die regering lelik geknyp gaan word oor die chaotiese toestand waarin hy die land se voedselvoorsiening laat beland het. Die groot kapitaliste maak hulle klaar om beslis die „belastingdruk" op hulle verminder te kry en die H.N.P. sal seker die regering oor die kommunistiese vraagstuk takel.

### PRAATHUIS

Hoeseer die opvatting van die Parlement as blote praathuis, onder invloed van die partypolitiek, in sommige kringe ingeslaan het, blyk uit 'n oorsig wat die mondstuk van die amptelike Opposisieparty na die jongste parlementsitting, gegee het van die prestasies van parlementslede en partye.

Hierdie blad noem vyf pligte waarvolgens die werk van 'n L.V. gedurende 'n sitting geoordeel word. Die eerste is die aantal toesprake wat hy lewer. Die ander is getroue bywoning van die sitting; onderhoude met departementshoofde; diens op gekose en spesiale komitees van sy party; buite-aktiwiteite in belang van sy party, soos vergaderings, ens. Die blad behandel die toesprake-posisie breedvoerig.

### TOESPRAKE

Hy sê: „Die Ministers, met een uitsondering, het maar swak presteer gedurende die afgelope sitting." Die een uitsondering is mnr. J. H. Hofmeyr, wat 180 toesprake gehou het, terwyl die aantal toesprake deur die ander ministers gewissel het van 61 deur mnr. C. F. Clarkson tot 12 deur mnr. Stallard. Die blad publiseer ook 'n tabel wat die aantal toesprake van elke lid aangee.

**As die maatstaf wat die Opposisie-orgaan gebruik om die prestasie van ministers en ander L.V.'s te meet, nl. die aantal toesprake wat hul lewer, op die Opposisieleier self toegepas word, slaan dr. D. F. Malan maar 'n powere figuur. Met sy karige 38 toesprake staan hy 29ste op die parlementêre prestasie-lys. Mnr. Hofmeyr sou dan byna 5 maal soveel presteer het soos hy en mnr. Clarkson byna tweekeer soveel. En boonop sou sestien lede van dr. Malan se eie party dan meer presteer het as hy wat hulle leier is!**

Vir die Opposisieparty as sodanig hou die aanwending van die toespraak-maatstaf heerlike implikasies in. Volgens 'n tabel in die blad het die Regeringsparty se 89 lede gemiddeld 15 toesprake elk gelewer terwyl die Opposisieparty se 44 lede gemiddeld 35 toesprake elk gelewer het. Dit beteken dat in dieselfde verhouding wat die party se lede in die parlement toeneem, die gemiddelde toesprake per lid afneem.

**Hieruit moet mens aflei dat hoe meer lede die Opposisieparty in die parlement gaan kry, hoe minder toesprake elke lid gaan hou, en gevolglik hoe swakker die party gaan presteer!**

**Die hele stelsel van Opposisie en Regering is seker op hierdie groot waarheid gebaseer!**

### VISIEUSE SIRKEL

Die Regeringsparty met sy baie lede en min toesprake per lid presteer swak en hy kom tot 'n onvermydelike val. Die Opposisieparty, daarenteen, met sy min lede en baie toesprake per lid presteer geweldig en kry gevolglik 'n welverdiende kansie om 'n slaggie aan bewind te kom — totdat hy weer op sy beurt val.

**En so hou die visieuse sirkel aan: een vir jou, een vir my, een . . .**

Die derde sitting van die negende parlement is op hande. Wat sal die sitting oplewer?

### BAIE WOORDE, MIN DADE

● Toesprake? Ja; ongetwyfeld sommer baie toesprake; ons vrees egter dat meeste maar geleentheids- en propaganda-toesprake sal wees; by uitsondering mag daar miskien 'n heel weinige gelewer word wat van deskundige kennis sal getuig.

● Wetgewing? Ja; veilige en versigtige wetgewing; wetgewing wat niemand wat hulp nodig het sal red nie, maar wat terselfdertyd ook niemand oorhaastig sal laat ondergaan nie.

● Gekose Komitees? Ja, sekerlik. Op hierdie gerieflike en lange baan skuif die partypolitiek gereeld sakies van netelige en onplesierige aard.

## Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



B. S. Bornman van Brandfort, vroeër lid van die S.A. Polisie op Johannesburg.

**In hegtenis geneem op 12 Januarie 1942. Na Sentrale gevangenis te Pretoria geneem op 13 Januarie. Aldaar sonder ondervraging aangehou tot Mei 1942. Op 12 Mei 1942 na die Fort op Johannesburg gestuur. In Junie 1942 weens hoogverraad aangekla. Teruggeneem na Pretoriase gevangenis op 12 Oktober 1942. Hoogverraadklag teruggetrek. Te Koffiefontein geïnterneer op 29 Maart 1943. Op 30 Augustus 1943 formeel uit die S.A.P. ontslaan. Tans weer op vrye voet.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie."**

## Naturelle Sluip Kaapse Skier-Eiland Binne

**Die instroming van Naturelle na die Kaapse Skiereiland duur nog steeds voort. Lang treine, volgepak met naturelle, stoom gereeld Maitland binne, om die getalle van die baie duisende kaffers in die Skiereiland aan te vul, en die stad se probleme van werkverskaffing en kosvoorsiening te bemoeilik, — om nie te praat van die misdadegolf-vraagstuk nie.**

Die Kaapstadse Engelse middagblad vertel 'n onthullende storie van hoe een van die naturelle-treine verlede week hier op sy bestemming aangekom het, met slegs die helfte van sy oorspronklike lading van 450—die ander helfte het tussen Kraaifontein en Maitland in die bosse verdwyn, en sodoende registrasie vermy.

So word die getalle van Kaapstad se onbekende naturellebevolking versterk.

Na 'n segsman aan Die O.B. meegedeel het, is hierdie soort praktyk nogal nie 'n ongewone nie, maar kom dit so dikwels voor, dat dit nie langer oogluikend toegelaat kan word nie.

**Konserwatiewe skatting stel die aantal naturelle in die Skiereiland op ongeveer 60,000. Ons segsman meen egter dat dit tans op heelwat meer as 80,000 gestel moet word.**

# Uit Kolomme van die Engelse Pers

### *STEMREG VIR DIE NATUREL*

„Die Nasionaliste het 'n stem, Pirow se Nuwe Orde-mense het 'n stem, die lede van die Ossewabrandwag het 'n stem.

„Hierdie partye het geweier om te veg vir Suid-Afrika. Die naturel het geveg vir Suid-Afrika. Waarom moet hy nie 'n stem hê nie, wanneer die ander wat goedgesind teenoor Hitler was stemgeregtig is?" So skryf Arthur Barlow's Weekly.

### *KOS ALLEEN IN S.A. SKAARS*

Burnside's Weekly skryf dat luidens verklarings van sy beriggewers in aangrensende state „Suid-Afrika alleen, van al die State op die Afrikaanse vasteland, aan voedselskaarste ly."

„In Portugees Oos-Afrika was daar nooit enige tekort nie en selfs gedurende die oorlogsjare was daar 'n oorvloed aan wit brood. Daar was nog nooit 'n tekort aan botter, vleis, rys, tee en byna alle ander voedselsoorte in Noordelike of Suidelike Rhodesië, die Belgiese Kongo of Angola nie."

### *VIES VIR PARTYPOLITIEK*

Burnside's Weekly skryf dat die gewone man maar 'n swak dunk het van die politici en die politiek in die algemeen.

„Hy het al so baie beloftes wat nie uitgevoer is nie, aangehoor en so baie bittere teleurstellings en verraad was al sy lot dat hy tot die gevolgtrekking gekom het dat politiek 'n speletjie is waarin sy enigste aandeel is om elke paar jaar 'n stem uit te bring vir een of ander indiwidu of party."

## V.S.A. Hou Hand Uit Vir £75 Milj.

Onverwags en snel soos 'n bliksemstraal het Amerika verlede week sy arm uitgestrek en sy hand bak gehou vir £75 miljoen. Dit skuld Suid-Afrika vir bruikleengoedere wat gedurende die oorlog gelewer is, in die vorm van krygstuig.

Amerika het nou sy rekening aan ons veldmaarskalk se regering gestuur. Hoewel generaal Smuts verlede jaar in die parlement herhaaldelik op kritiek en ondervraging die versekering gegee het, dat 'n rekening nie teen S.A. gedebiteer sal word nie, aangesien Engeland volle verantwoordelikheid aanvaar.

Veldm. Smuts swyg nog steeds soos die graf oor hierdie onverwagte en reuse Amerikaanse rekening.

## Vlugtelinge Kuier Nog Lekker

Die Suiderstem (die blad van wie die bene waarskynlik so lank is dat hy gedurig wydsbeen oor die see kan staan), weet aan sy lesers as volg mee te deel: „As gevolg van die feit dat die Europese vasteland, behalwe Frankryk en die Nederlande nog nie oopgestel is om landsburgers wat as vreemdelinge in ander wêrelddele verkeer, terug te ontvang nie, en weens skaarste aan skeepsruimte, sal Suid-Afrika se vreemdelinge wat op tydelike verblyf die Unie binnegelaat is, of as vlugtelinge in die oorlogsjare die land binnegekom het, waarskynlik nog geruime tyd in die Unie moet bly."

**Voorts beduie die blad: „Onder die vreemdelinge is daar ook Jode."**


**W. Voigt (Edms.) Bpk.**
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie**
**Bus 10 — HUGENOOT, K.P.**

**SASBANK**
*Verrig Volksdiens !*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

Terme uiters billik.

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266
WORCESTER:— Posbus 57
KAAPSTAD:— Posbus 2387

**MEUBELS**
PRYSE STYG VINNIG
**KOOP NOU!**
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
**Werda Meubelhandelaars,**
(EIENDOMS) BEPERK
**Groote Kerkgebou — Kaapstad**

***Vir Deftige Tabberds Twee-stuk Rokke en Somerhoede***
**Kom seker eers na**
Steyns
DIE DAMES-WINKEL
PAROW

**WYNE EN BRANDEWYN**

**AANDAG ! !**

**SPESIALE VERMINDERING VAN PRYSE IN BELANG VAN ONS TALRYKE KLANDISIE** (slegs geldig vanaf 1 Oktober tot 31 Desember e.k.

**GENIET WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURS WAT SELF HUL ROEMRYKE POPULARITEIT VERWERF HET . . . ONGEEWENAARD IN ELKE OPSIG.**

**PRYSLYS:**

| | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5-gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal Soet | 2/3 | 10/6 |
| Wit Jeripigo | 1/6 | 8/- |
| Rooi Jeripigo | 1/6 | 8/- |
| Malmsey | 1/6 | 8/- |
| Wit Muskadel | 1/5 | 7/6 |
| Rooi Muskadel | 1/5 | 7/6 |
| Soet Port | 1/5 | 7/6 |
| Port | 1/4 | 7/- |
| Pontak | 1/4 | 7/- |
| Worcester Hock | 1/4 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/4 | 7/- |
| Goue Sjerrie | 1/4 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | 10/6 |
| Hanekraal | 4/- | — |
| Vermouth (Franse en Italiaanse Tipes) | 2/9 | — |
| **FONKELWYN:** | | |
| „La Vie" | 7/6 | — |
| Monis Grand Spumante | 10/- | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/- | — |
| A. 1 | 7/6 | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/3 | — |
| Anys | 6/3 | — |
| Gemmer | 6/3 | — |
| Van der Hum | 6/3 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/- | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |

—o—

**ENIGSTE VOORWAARDES:**

(1) Deposito's, nl. 20/- per vantjie en 5/- per kissie met bottels moet alle bestellings vergesel.
(2) Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, VRY OP SPOOR VLAKTEPLAATS.
(3) Bestellings per kissie mag bestaan uit verskillende soorte drank, mits dit 'n kissie van 12 bottels is.

—o—

**LAAT U KERSFEES-KEUSE VAL OP DIE GEURIGE EXCELSIOR-DRANKE . . . UITSTEKEND VIR ELKE GELEENTHEID.**
Tevredenheid onvoorwaardelik gewaarborg of geld terug.

—o—

Bestel nou van:
**EXCELSIOR WYNMAKERY**
**Vlakteplaas-Stasie, K.P.**

### TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**Huishoudelike Kennisgewings:** (Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25% afslag.

**Handelsadvertensies:** Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d per woord, minimum 4/- per plasing sing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir ses maande. Vooruitbetaalbaar.

**Stuur advertensiebestellings en intekenings aan:**
**VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

DE VILLIERS. — Aan Kommandant en Kommandante Méno de Villiers van Wendenlaan 56, Brakpan, op 29 Desember 1945, 'n welgeskape en fris klein Boertjie.

PIEK. — Aan Brandwag en Mev. Piek 'n fris O.B.-dogter op 12 Desember 1945 te Senekal. Albei wel. Naas Gewer dank aan Dokter en Verpleegster. Lank lewe die O.B.!

## VERLOWING

GERICKE—TERBLANCHE. — Hiermee wens ons twee, Emma, oudste dogter van mnr. en mev. P. D. Terblanche, en Chris, jongste seun van die wed. A. S. Gericke (albei van Geelhoutboom, dist. George) aan familie, vriende(inne) bekend te maak dat ons op Kersfees verloof geraak het.

WINTERBACH—KRUGER. — Die verlowing word bekend gemaak van Fien, dogter van Mnr. en Mev. Frans Kruger, met Frans, seun van Mnr. en Mev. Dirk Winterbach, albei van Lydenburg.

WEHMEYER—SCHOEMAN. — Die verlowing word bekend gemaak van Zané, Hoër Huishoudskool, Knysna, dogter van mnr. en mev. N. J. Gauché, Stellenbosch, met Staffie, Hoër Tegniese Skool, Knysna, seun van mnr. en mev. P. H. Wehmeyer, Knysna.

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
**Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.**
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND
Foons 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## PERSOONLIK

**WOONSTEL.** — Enkel of tweekamer ongemeubileerde woonstel in of naby Kaapstad. Vir staatsamptenaar, dringend nodig. Kan iemand asseblief aanbeveel al is dit ook vanaf Maartmaand. Skryf: M.E.G., P.K. Millstraat of foon 31737.

**GRYSHARE** tot natuurlike kleur herstel of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. Kruiebehandelings vir alle siektes verkrygbaar. — „DIE BOEREVROU," Bus 7559, Johannesburg.

**MARKAGENTSKAP.** — Deskundige inligting gratis aan pluimveeboere. Stuur alle produkte aan: COETZEE, JORDAAN en BOJÉ (EDMS.) BPK., Wolhuterstraat 62, Newtown Johannesburg. Foon: 33-8297. Telegramme: Bojemark.

## TE KOOP

**AARTAPPELMOERE.** — Goeie gesonde Arran Chief Aartappelmoere. Eiergrootte 37/6, groter, vir een keer deursny, 35/-. Tafelaartappels 33/-, op Petrus-stasie gelewer. K.M.B. — D. J. DE KOCK, Uitkyk, P.K. Petrusburg.

**ANGELIERPLANTJIES.** — Pragtige sterk Amerikaanse Boom-Angelierplantjies, 3/6 vir 12, 20/- vir 100, £6-10-0 vir 1000, vir die volgende soorte: Corona, Regina, Snow Storm, Idaho Beauty en Salmon Regina. Bestellings word ook geneem vir later aflewering. — S. C. STANDER, Bus 20, Tzaneen.

**ANGELIERPLANTJIES.** — Reuse Chabaud (Amerikaanse Saad). Aflewering April-November. Gemeng, Vleiskleur, Geel, Skarlakenrooi, 3/6 per dosyn, 15/- vir 100, £6-10-0 vir 1000. Kontant met bestelling. — SAFARI-BLOMKWEKERY, Posbus 66, Stellenbosch.

**GROENTESAAD.** — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool: Suiderkruis 20/-; Reliance 25/-; Spitz Kopkool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Rasp 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat 10/-; „Silver King" 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfponde. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemansboek, Oudtshoorn.

Uitgegee deur VOORSLAG (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

## TE KOOP

**HENNETJIES.** — Bruin Leghornhennetjies van drie tot vier maande, teen 6/6 stuk. K.M.B. Skryf aan: Mev. BASIE VAN RENSBURG, Christina, Kestell.

**HEUNING.** — Bestel suiwer heuning. Kissie met 1 dosyn 1 lb. bottels, 25/6. Twee dosyn, 50/-, v.o.s. Levubu. Kissie en bottels kan terug gestuur word teen 2½d. per bottel en 9d. en 1/- per kissie. — Mev. D. POTGIETER, P.K. Levubu, oor Louis Trichardt.

**KELPIE-COLLIE SKAAPHONDJIES** van uitstaande ouers. Tevredenheid gewaarborg. Reuntjies £2 10s., Teefies £1 10s. Ook geleerde skaaphond-reun. Skryf aan: JAN HAARHOFF, Posbus 115, Graaff-Reinet.

**MEUBELS.** — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie". Tel. 136.

**MEUBELS.** — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. — PETRA-MEUBELS, BPK., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929. Agentskap: Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk., Globe-Huis, Kerkstraat, Wynberg.

**PLASE.** — Die pragtige plaas Doornkop, 680 morge, in die bekende streek SWAERSHOEK, 4 myl van ALMA-STASIE, NYLSTROOM. Uitstekend vir vee, mielies en tabak. Goed omhein. £3,800.

Die veeplaas KLIPDRAAI, 635 morge, standhoudende water, omhein, 28 myl wes van die bekende vakansieoord WARMBAD, aan die grootpad. £2,500.

Skryf aan: I. M. PRINSLOO, POSBUS 19, OOGIES.

**PLUIMVEE.** — Bespaar voer met troggies wat kos skoon en higiënies hou. Red kuikens met Elektriese Kunsmoeders. Neem enige hoeveelheid eiers om te broei. — Skryf aan: J. J. VAN RHYN, De Wet-Pad, Pk. Ottery.

**SOUT TE KOOP.** — Aandag Brandwagte: A1 59/0; no. 1 54/-; no. 2 49/- per ton, om onmiddellik te laai op Soutpan. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. — De Beer en De Beer, P.K. Florisbad Soutwerke.

**SOUT TE KOOP.** — Aandag Brandwagte: A1 59/0; no. 1 54/-; no. 2 49/- per ton, om onmiddellik te laai op Soutpan. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling.—F. DE BEER, P.K. Florisbad Soutwerke.

**SOUT.** — Ondersteun u mede-Afrikaner. Spesiale A1 59/-; Sneeuwit No. 1, 54/-; Wit No. 2, 49/- per ton, vry gelaai Soutwerke. — Adres MEV. MARTIE VENTER, Possak Arbeidsloon, Bloemfontein.

**SOUT.** — Aandag Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton, kosteloos gelaai Soutpan. — Adres: VENTER en DU PLOOY, P/sak Arbeidsloon, Bloemfontein.

**19—STAR-BOORMASJIEN,** werk met stoom. Masjien kan gesien word op Hendrina. Vir besonderhede skryf aan: D. RABIE, Bus 20, Hendrina.

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, Pretoria.

## WYNE

**VYF GELLING** Muscadel-likeur £2 12s. 6d.; anker £3-17-6; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

## TE KOOP GEVRA

**JERSEY-KOEI.** — Jong gesonde Jersey-Koei, pas gekalf, sowat 2 gellings melk per trek. Dringend nodig vir huisgesin. Meld terme. — M. KILIAN, Joubertstraat 246, Middelburg, Transvaal.

## BETREKKING VAKANT

**SNELSKRIFTIKSTER.** —Dadelik en dringend benodig 'n gekwalifiseerde Snelskriftikster vir Gebiedshoofkwartier Port Elizabeth. Goeie salaris word aangebied. Kennis van Boekhou 'n aanbeveling. Moet so gou moontlik begin. Moet O.B.-gesind wees. Doen aansoek by Stafhoof, Harmonie-gebou, Noord-Einde, Port Elizabeth.

## BENODIG

**FLUKSE JONGMAN** vir die pars. Ingeval hy bevredigend is mag hy vir goed aanbly. Prys £6 per maand en vry inwoning. Moet 1 Februarie begin werk. Doen aansoek en verdere navraag by: M. P. REDELINGHUYS, Moreson, Wolseley.

**'N BEKWAME MAN** om te help met perstyd. Vry losies. £7 per maand. Moet bestuurderslisensie besit. Moet begin 1 Feb. 1946. Doen aansoek by: D. HAASBROEK, Lynedoch.

## BENODIG

**VOORMAN.** — Dringend benodig, getroude plaasvoorman, ouderdom nie bo 40 jaar nie, klein huisgesin. Moet vragmotor kan bestuur, moet kennis hê van gemengde boerdery en kleurlinge. Alleen eerlike en sober persone hoef aansoek te doen. Huis vry, 100 lb. meel per maand, 5 lb. vleis per week en melk, 1¼ morg tuingrond, kan pluimvee aanhou, een vark op hok. Meld salaris verlang. Moet diens so gou moontlik aanvaar. Doen aansoek by: Mnr. MICHAU VILJOEN, Privaat Sak, Moordkuil, Dist. Worcester.

## LOSIES AANGEBIED

Onderwyser-huisgesin in Skiereilandse voorstad, gewillig om Christelike dogter, std. nege of tien, te loseer vir Van Riebeeck-Hoërskool as maat vir hul enigste skooldogter. Klavier in huis. Doen aansoek: POSBUS 3638, Kaapstad.

## VERJAARDAGKETTING

13 JAN.: Diederik van der Merwe, Matooster; Alida Bodenstein, Zeerust; Jan Venter, Mamagalieskraal; Martinus van der Berg, Bethlehem; Erin Lombard, Malmesbury; Robertina McLaren, Kirkwood; Josephine Vivier, Beaufort-Wes; Isla Schreve, Uniondale; Susanna Engelbrecht, Marchand.

14 JAN.: Aletta Willemse Mamagalieskraal; J. C. Pretorius, Koedoeskop; Phillippus Janse van Rensburg, Clocolan; Johannes Roos, Fouriesburg; Rensie Pienaar, George; Annalie Malan, Hugenoot; Petronella Boshoff, Wilgenhoutsdrift; Walter Rohlandt, Loxton.

15 JAN.: Gawie Burger, Potchefstroom; Susanna Lindeque, Mamagalieskraal; Hester Roets, Moedwil; Elizabeth van Niekerk, Ficksburg; Dina Uys, Utrecht; Ella Wessels, Merweville; Coenrad Solms, Merweville; Murial de Villiers, Brandwag; Maria Theron, Sarel van der Walt, Korster.

16 Jan.: Susie Botha, Witdyk; Petronella Fouche, Port Elizabeth; Alida Eksteen, Franschhoek; Pieter Eksteen, Franschhoek; Susara Vermeulen, Marchand; Petrus Coetzee, Carnarvon; Gert van Niekerk, Alheit.

17 JAN.: Frederika Havenga, Port Elizabeth; Johan Erasmus, Merweville; Fanie Jordaan, Sutherland; Anna Kruger, Prieska; Lukas van Vuuren, Port Elizabeth; Martha Retief, Paarl; Claudina Oelofse, Koster; Hester Oberholster, Marchand; Jan Coetzee, Wilgenhoutsdrift; Salome Coetzee, Boons; C. C. Nel, Makoppa; Louis Hefer, Koedoeskop; Marthinus Dreyer, Silent Valley; Stefanus Janse van Rensburg, Clocolan; Dawid Kotze, Bloemfontein.

18 JAN.: Charlotte Pretorius, Kirkwood; Van Zyl Wolfaard, Noorder-Paarl; Dirk Knoetze, Stellenbosch; Marizanne de Kock, Stellenbosch; Anna Liebenberg, Lambrechtsdrift; Maria Meintjies, Groot-Marico; Anna Pieters, Lindley; Gerhardus Janse van Rensburg, Kestell; Maria Rall, Utrecht.

19 JAN.: Dawid du Plessis, Sutherland; Benjamin van Vuuren, Port Elizabeth; Tienie Burger, Brandvlei; J. Mynhardt, Maribogo; Marthinus Malan, Woods-Halt; Jacob Grobbelaar, Vryburg; Adriana Steyn, Frankfort.

20 JAN.: Hermina Smit, Aughrabies; Anna Scheun, Beaufort-Wes; Fredrieka Bronner, Maribogo; Magdalena Briedenhann, Boskuil; Maria van der Linden, Groot-Marico; G. M. Pretorius, Koedoeskop; Martha du Toit, Fouriesburg-Stasie; Agnes van Niekerk, Ficksburg; Stoffelina van Niekerk, Ficksburg; Fransina van Niekerk, Ficksburg.

21 JAN.: Marjorie Theron, Bellville; Tienie Nortje, Vredendal; Hilda Tredoux, Goodwood; Anna Venter, Baltimore; Ester van der Watt, Doornboom; Pieter de Bruin, Hoewal.

22 JAN.: Joseph Botes, Oudtshoorn; M. J. van Reenen, Kaya-se-Put; Andries Smit, Rashoop.

23 JAN.: Gert Ellis, George; Dawid du Plessis, Stellenbosch; Cecile Naude, Stellenbosch; Magda van Wyk, Suider-Paarl; Willem van Rensburg, Eppingtuindorp; Benjamin Walters, Stellenbosch; Marius Louw, Oudtshoorn; Regina van Rooyen, Aughrabies; Francis Stigling, Dendron.

VIR DIE BESTE
**Beesplase**
in
KURUMAN-DISTRIK
Groot of klein. Verbeter, geheel omhein. Woonhuise en sterk water.
Skryf aan:
**J. A. COETZEE, Eiendomsagent**
**Posbus 32, Kuruman.**

**A.V.B.O.B**
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers**
**Begrafnisversekeraars**
**Bloemfontein — Pretoria**
**130 Takke**

**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

# Welkomswoord en Boodskap

Die tyding van die ontstaan van 'n eie Boerejeugblad is met die grootste dankbaarheid en waardering ontvang en namens Gebied E is dit vir my 'n aangename voorreg om ons waardering aan die uitgewers te rig.

**Inagnemend die feit dat invloede wat vir die moraal van ons Volksjeug geweldig skade berokken, alles in die hand gelê word om hul doel te bereik en ons, op die verdediging, alles behalwe die voorregte, tog nog hierdie mylpaal in die stryd bereik het, getuig inderdaad van 'n WIL om te wen.** Nou egter, waar die Jeug van ons volk die geleentheid sal hê om deur middel van hierdie blad „sy ryke erfenis te eis" as erfseun van Suid-Afrika het dit ons geweldig nader aan die volgende mylpaal gebring.

Die jeug het die volste reg om te eis:—

(a) Dat die ouer geslag met sy twiste, sy vooroordele, sy geskinder, ens., nie hulle weg tot 'n beter toekoms versper nie, OMDAT die jeug geen toekoms sal hê sonder die taaiste stryd nie en die stryd swaar genoeg sal wees sonder toedoen van verdere onnodige beuselagtighede.

(b) Om onomwonde te weet wat die volksfoute van die verlede was.

(c) Om te weet wat die volksdeugde was en is.

(d) Om die rede te weet waarom vreemde elemente so suksesvol teenoor ons volkie is . . . . wat die geheim van hulle metodes is en so uit die vyande se skool te leer.

(e) Om te weet waarom hulle moreel gedissiplineerd moet lewe.

Waarom iets verkeerd is.
Waarom iets sonde is.
Waarom iets reg is.

(f) Waarna hulle moet strewe en waarom.

(g) Om te weet „teenoor wie" hulle hul geledere moet sluit en „waarom".

Die Jeug is die toekoms van ons Volk. Onthou, Afrikanerseun en -dogter, dit is dade wat tel.

„Daar's 'n nasie te lei,
Daar's 'n stryd te stry,
Daar's werk,
KOMAAN!"

Langs hierdie weg wens ek ook ons Jeugleier, prof. D. J. van Rooy en sy gade asook alle Boerejeug-offisiere, seuns en dogters 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar toe.

H. C. B. DU TOIT,
Jeughfkomdt. (Gebied E).

# Helfte van Durban se Geboortes Asiate

**Meer as die helfte van die geboortes in Durban gedurende November was Asiate, volgens statistiek wat deur die stad se gesondheidsdepartement opgestel is.**

Van 963 geboortes was 502 Asiate, 249 naturelle, 176 blankes en 36 kleurlinge.

Die sterfgevalle gedurende die maand het 515 beloop, waarvan 259 naturelle was, 170 Asiate, 72 blankes en 14 kleurlinge.

Durban se bevolking word nou bereken op: blankes 109,883, naturelle 99,934, Asiate 100,262 en kleurlinge 9110.

**Hieruit blyk dat hoewel die bevolkings van die eerste drie groepe min of meer ewe groot is, die Asiate tweemaal so vinnig vermeerder as die naturelle, en die naturelle weer byna tweemaal so vinnig as die blankes.**

# OGIES IN DIE NUUS

### *ANTI-JOODSE GEVOEL IN ARGENTINIË*

Die Jewish Herald skryf dat nog meer anti-Joodse uitbarstings in Buenos Aires verwag word. Joodse knape hou hulle gereed om sodanige aanvalle op Jode en Joodse eiendom af te weer; op die aanplakborde en mure van die stad staan te lees: „Het die Vaderland Lief. Maak Dood die Jode."

### *SPANJE*

Die wêreld is in die jongste tyd vergas op berigte oor Spanje wat daarop bereken is om woelinge en onrus in daardie land voor te tower. Vernaamlik is die persoon van genl. Franco in die gedrang gebring.

Die Spaanse regering, wat rustig en stewig aan bewind is, het hierdie berigte in 'n verklaring as 'n „listige belasteringsveldtog" teen Spanje beskryf.

### *OOSTENRYK SE EISE*

Die Oostenrykse regering het 'n nota aan die geallieerde moondhede gestuur waarin hulle die inlywing van Suid-Tirool by Oostenryk eis. Oostenryk vra nie die hele Tirool nie, verduidelik die regering; hy vra maar net die Duits-sprekende deel.

Owerigens eis die Oostenrykse regering Berchtesgaden, die skone bergwoning en rustige landelike tuiste van Adolf Hitler op.

### *KLEURLINGSOLDAAT TEREGGESTEL*

'n Neëntienjarige kleurlingsoldaat van Maitland, Kaapstad, is in die woestyn naby Helwan deur 'n vuurpeleton tereggestel omdat hy 'n offisier van die Unie-verdedigingsmag vermoor het, berig Sapa uit Kaïro.

(Vervolg van bl. 7, kol. 3)

**speel nie.** Tog toon die oormatige en verderflike bioskoopbesoek — om maar een ding te noem — dat ons kinders nog nie heeltemal van hulle vryheid beroof is nie. 'n Uurtjie kan steeds vir 'n Boerejeug-byeenkoms gevind word.

Dat dit 'n moeilike saak is om geskikte offisiere te vind, moet geredelik toegegee word. Deur dwang word 'n onwillige of swak offisier selde hervorm. **Daarom moet ons met hierdie faktor deeglik rekening hou en nie vinniger uitbrei as wat deur die beskikbare kragte gewettig word nie.** Dit sal nie altyd so bly nie, een van die dae sal uit die geledere van die Boereseuns en -dogters self offisiere na vore kom.

En nou ten slotte is daar vir die Boerejeug nog 'n klas grootmense, die derde klas. Hulle is die Afrikaners wat vandag nog buite die O.B. staan. **Die Boerejeug besef dat dit nie hulle taak is om hierdie grootmense te „bewerk" nie — hulle hoop slegs om deur hulle optrede te bewys dat die Boerejeug net so min as die O.B. ooit iets teen die ware belange van die goeie Afrikaner sal doen; dat hulle inteendeel steeds bereid bevind sal word om enige nasionale aksie na die beste van hul vermoë te steun. Die Boerejeug vra van hierdie Afrikaners alleen dat hulle ons beweging en werksaamhede sonder vooroordeel sal betrag. Vir gesonde kritiek en goeie raad sal ons ons altyd dankbaar betoon**

DIE Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN 16 JANUARIE 1945.

# DIE BESWARE VAN DIE GROOTMENSE

## JEUGLEIER VERDEEL HUL IN DRIE KLASSE

**Vir die Boerejeug bestaan die grootmense uit DRIE klasse.**

**Daar's die eerste klas mense wat dit 'n eretaak beskou om alles in hulle vermoë ter bevordering van die Boerejeug te doen.**

**Maar daar is ongelukkig ook 'n tweede klas wat feitlik onverskillig teenoor ons staan. Wat is hulle besware en hoe sien ons as Boerejeug dit onder die oë?**

**En die derde klas, dié wat vandag nog buite die O.B. staan? Die Boerejeug hoop om deur hulle optrede te bewys dat hulle net so min as die O.B. ooit iets teen die ware belange van die goeie Afrikaner sal doen.**

In die eerste klas groepeer hulle O.B.-manne en vroue wat hulle bestaan (as organisasie) nie alleen toejuig nie, maar ten volle steun en bevorder. Daardie eersteklas-grootmense vind ons orals. Die K.G. en die A.K.G. neem onder hulle 'n ereplek in; ons vind hulle onder die Gebiedsleiers en die Gebiedsvroue, onder generaals, kommandante(s), veldkornette(s) en brandwagte van die O.B. Dis die mense wat besef dat Rome nie in een dag gebou is nie. **Dis hulle wat insien dat die O.B. eers dan sy volle kragte sal ontplooi as die opgeleide Jeug in sy geledere opgeneem word. Daarom beskou hulle dit as 'n eretaak om alles in hul vermoë ter bevordering van die Boerejeug te doen. Sonder hierdie vriende van ons beweging kan die Boerejeug dan ook geen dag bestaan nie; ons erken dankbaar hulle hulp en leiding en hoop dat ons hulle nie sal teleurstel nie.**

### DIE BESWAARDES

Maar nou is daar ongelukkig ook nog 'n tweede klas, en dis met hierdie klas wat ons vandag 'n appeltjie te skil het. Hulle is ook O.B.-mense: brandwagte, offisiere, hier en daar selfs 'n hooggeplaaste offisier. Hulle staan min of meer onverskillig teenoor ons beweging. Wat is dan hulle besware? Hier volg 'n paar:

1. Die O.B. is o.a. 'n politieke beweging en wat het 'n kind met die politiek te doen?
2. Die Voortrekkerbeweging doen goeie werk en die Boerejeug sal hom net afbreuk doen.
3. Die kind se tyd is so beset dat hy dit nie kan bybring om ook nog aan die Boerejeug te behoort nie.
4. Dit gaan moeilik om geskikte offisiere vir die Boerejeug aan te stel, veral omdat die onderwysers deur die Noodregulasies uitgesluit is.

Hierdie besware moet ons onder die oë sien.

Op No. 1 is ons antwoord: **Wie so redeneer, verstaan die strewe en doel van die Boerejeug nie. Trouens, dis twyfelagtig of so 'n persoon die O.B. ten volle begryp.** As onder „politiek" verstaan word „partypolitiek", dan sê ons ook dat die kind daar niks mee te doen het nie, net so min as wat die volwasse O.B.-lid daarmee te doen sou hê. En die Boerejeug vermy partypolitiek soos die pes. **As onder „politiek" volkspolitiek verstaan word, dan kan en sal die Boerejeug hom daar nie aan onttrek nie. Moderne oorlogsvoering vorder nie net die manne tot diens en deelname op nie, maar ook die vrou en die kind. Die kommunistiese gevaar bedreig ook die kind. Te vroeg kan hy nie daarvan in kennis gestel word nie. Sy verhouding tot die naturel, tot die ongewenste vreemdeling, tot sy mede-Afrikaner of moontlike mede-Afrikaner, dit alles moet hy vroeg leer insien, sodat dit**



**Die vlagdraertjies, Nancy van Zyl en Ansie Hougaard, in die offisiële Boerejeugdrag tydens die verjaardagviering van die K.G. en A.K.G. in die Paarl.**

**deel van hom kan word. Sy plig teenoor sy land sal hy nooit leer besef as sy oë nie nou al daarvoor oopgemaak word nie. Kortom, die Boerejeuglid is lid van sy volk en geregtig op volkspolitieke onderrig. Te meer omdat die skool hom op hierdie punte nie mag voorlig nie.**

### VOORTREKKERBEWEGING

Nou kom ons tot beswaar **No. 2: die Voortrekkerbeweging.** Al dadelik moet ons met blydskap konstateer dat die Boerejeug nog altyd die Voortrekkers ontsien en hulle belange in ag geneem het. Ons erken volmondig die goeie werk wat hulle doen en het hoegenaamd geen twis met hulle nie.

Geen Boerejeuglid word dan ook belet om Voortrekker te wees nie; inteendeel, gevalle is bekend waar lede van die Boerejeug onder die ywerigste Voortrekkers getel word. **Maar die bestaan van die Voortrekkervereniging maak die Boerejeug geensins oortollig nie. Voortrekkers kan Boerejeug nie vervang nie, al was dit slegs om hierdie rede dat die Voortrekkers die staatkundige terrein heeltemal vermy. Van 'n Republikeinse doelstelling of strewe b.v. word in hulle konstitusie niks gemeld nie. Hulle beweeg op die terrein van algemene Christelike maatskaplike deugde en praktiese nut en vaardigheid. Die grondslag van die vereniging is Christelik-Nasionaal en daarom kan die Boerejeuglid ook Voortrekker wees. Die Voortrekkers wil leiers vorm, die Boerejeug ook, maar die Boerejeug besef dat die toekomstige volksleier in die eerste plek politieke leier moet wees en daarom lê hulle besonder nadruk op hierdie aspek.**

Oor hierdie punt kan nog meer gesê word, maar genoeg. Die O.B.-ouer kan met vrymoedigheid sy kind by die Voortrekkers laat aansluit, maar sy eerste en vernaamste plig is teenoor die Boerejeug. **Die O.B.-lid kan Voortrekker-offisier wees, maar nie ten koste van sy eie Jeugbeweging nie.** Onthou dat die Voortrekkers 'n baie ruimer keuse het, terwyl die Boerejeug uitsluitlik op die O.B. aangewys is en dan nog op sodanige O.B.-lede wat besondere belang in die Jeug stel.

### PRAKTIESE PROBLEME

Besware Nos. 3 en 4 is van 'n praktiese aard. Dat die kind se tyd teenswoordig baie beset is, moet iedereen wat op hoogte van sake is, toegee. Die skool en die buiteskoolse (georganiseerde) aktiwiteite neem baie tyd in beslag — sowel van die onderwyser as van die kind. **Die vraag is inderdaad of die skool nie ten koste van die huislike opvoeding en van die leerling se vrye tyd 'n te oorwegende rol in die lewe van die kind**

(Vervolg op bl. 6, kol. 5)

# DIE KERSBOOM-FUNKSIE

## 8 Desember 1945 'n Rooiletterdag Vir Gebied E se Boerejeug

***Enigeen wat die woning van Jeugkomdte. E. du Toit gedurende die afgelope paar maande besoek het, sou diep onder die indruk gekom het van die liefde en toewyding wat die grondslag vorm van die Boerejeug en die idee van „bevoorregte plig" wat elke lid koester jeens sy medevolksgenootjies.***

Behendige hande was besig, lank en onvermoeid besig om liefdeswerk te verrig, terwyl die harte van die goeie werksters vinnig van dankbare opgewondenheid geklop het by die voltooiing van elke wonderlike geskenkie, wat nog twee gretige armpies na vore sal lok en twee onskuldige ogies van dankbare blydskap sal laat skitter. Nog 'n presentjie vir die kersboom voltooi en die maakster beskou dit met welgevalle. Versigtig word die pikswart fluweel-kat, lewensgroot en volmaak-eg met blitsende groen oë waarvan alleen die lewe ontbreek, eenkant neergesit, langs die rye en rye ander honde, apies, hasies, veelkleurige balle ens., ens.

Enige persoon wat daardie werkkamer besoek het, moes van verbasing fluit (selfs in 'n huis!) en as hy enigsins oor waarderingsvermoë beskik het, sou hy geweet het dat elke hond en kat hom £1 10s. in enige besigheidsplek sou kos.

Maar die Boerejeug besef ook dat geld-waarde geen verband hou met liefdes- en volksdiens nie en dat dit geen verskil sou gemaak het al het dit 1d. of £10 gekos nie.

Nie alleen die vervaardigsters o.w. Jeugkomdtes. E. du Toit, A. Schwarzendahl, W. v. d. Nest, L. Laubscher en vldkntes. P. van Blerk, De Boer en andere kon die genot van 'n bevoorregte plig smaak nie, o nee, daar was nog ander dankbare tannies en niggies wat kon meehelp — en die gevolg was dat geen pennie spandeer was in die vervaardiging van hierdie mooi presentjies nie! Alles vry! Dit moes deel wees van hul groot voorreg in hierdie goeie saak.

### DIE GROOT DAG

**En toe breek die groot dag aan! Driehonderd brandwaggies van die Boerejeug vergader in die groot saal. Vir elkeen van hulle is daar 'n liefdesgeskenkie — en elke gesiggie straal van pure opgewondenheid. „Êrens in een van daardie groot kiste lê MY geskenkie. Ek wonder wat dit kan wees! Ek wens dat ek dit al kon gehad het," peins sommiges; „maar eers moet die groot ooms en tannies hulle sê-goed klaar sê, en dan, en dan . . . ." mymer die gedagtetjie voort, onderwyl Gebiedsgenl. J. G. S. Opperman en genle. K. Malan hulle besielend toegespreek het.**

En eindelik, toe sy haar pragtige bruin hond buitekant in haar arms streel, en hy sy ossewaentjie oor die groen grasperk trek, was die spanning gebreek en tussen die jolige jongspan was hier en daar 'n peinsende figuur waarneembaar. Op sy gesig was 'n glimlag van voldoening, maar wat was sy gedagtes? Sou hy miskien gedink het aan 'n dag toe hy ook so jonk was en bly gevoel het oor 'n presentjie wat hom ook so gelukkig gemaak het? Aan al die liefde en toegewydheid wat sy persoonlike deel in die lewe was, en hoe hy dit beantwoord het? Ja, miskien het hy gedink aan al die mooi dingetjies wat hy al in liefde ontvang het en homself toe afgevra: „ . . **En wat het ek in liefde aan ander al gegee en gedoen?"**

**'n Groot traan het merkbaar in sy oë geskitter en toe het ek geweet hy het 'n groot hart vol liefde. Hy is dankbaar omdat ander die voorreg het om gelukkig te wees; hy deel volkome in hul geluk.**

# Rustenburg-Boeredogters Neem Afskeid van Hul Kommandante

**Op 'n heerlike sonnige namiddag het 'n veertigtal Boeredogters en -seuns van die Rustenburgse Veldkornetskappe onlangs met motors afgereis na Boekenhoutfontein, die plaas van hul Jeugkommandante, sowat twaalf myl buite die dorp.**

Die seuns en dogters was vergesel van genl. Behrens, komdte. Grimes van die vrouekommando en vriende. Sowat 'n halfmyl vanaf die huis het almal afgeklim en 'n klein parade is opgestel met die Boerejeugorkes vooraan. Alles het besonder stil gebeur, want die besoek was 'n heerlike geheim en moes dien as verrassing vir jeugkomdte. G. Eloff.

**En was dit nie 'n verrassing vir haar nie. Sy was net so opgewonde as die seuns en dogters.**

Van ver af reeds kon sy 'n kykie op die nader-marsjerende groep kry. Die luide slae van die tamboers het helder weerklank gevind in die stil rustige omgewing. Die helder kleure van die seuns en dogters se klere het pragtig vertoon teen die agtergrond van sierlike groen bome en bosse en het 'n prentjie gemaak wat seker nie gou deur die kommandante vergeet sal word nie.

**Generaal Behrens het namens die generaalskap vir haar bedank vir haar getroue dienste gelewer as jeugkommandante, en waar sy nou vir haar 'n lewensmaat gekies het, het hy die hoop uitgespreek dat sy besonder gelukkig sal wees.**

Nadat die jeugveldkornette haar opregte waardering uitgespreek het vir alles wat die kommandante vir die Boeredogters gedoen en beteken het, is aan haar 'n geskenk oorhandig as blyk van die dogters se waardering.

**Dit het vir haar besonder baie beteken om hier op hulle ou plaas die seuns en dogters van haar eie Boerevolk te ontvang.**

**Sy het verklaar dat die tydjie wat sy die voorreg gehad het om te dien as jeugkommandante vir haar baie beteken het. Waar sy nou nie meer aktief sal kan deelneem nie, sal sy tog nog altyd die belange van haar Boeredogters probeer behartig oral waar dit moontlik is.**

Nadat verversings bedien is, is die res van die aand met sang en volkspele deurgebring.

# KOSPOSISIE VERSLEG

## STEDE RAAK ONTVLAMBAAR

***Die voedselposisie in Suid-Afrika het totaal handuit geruk. Daar is 'n ontsettende skaarste aan byna alle voedselsoorte. Die regering staan magteloos voor hierdie probleem van sy eie skepping. Die bevolkings van die groot stede is verbitterd en ontvlambaar. Uit alle kele styg die geroep om kos. Die regering beantwoord dit deur een verklaring na die ander uit te reik. Op papier spreek die regering homself pragtig skoon, maar die praktyk spreek 'n verpletterende oordeel oor die Smuts-bewind uit.***

***Dit help die regering ook nie meer om die oorlog voor sy onbevoegdheid te skuif nie. Diegene wat kort gelede nog geskree het dat Hitler gekruisig moet word, gooi vandag die feit teen veldm. Smuts se kop dat Hitler minstens sy eie mense gevoed het!***

Die Witwatersrandse kleinhandelslagtersvereniging, gerugsteun deur hul werknemers en duisende bitter ontevrede huisvrouens van die Rand, het op 'n kwaai monstervergadering besluit dat min. Strauss se vleisskema vóór 21 Januarie afgeskaf moet word, anders sal alle slaghuise aan die Rand toegemaak word en sal vleisdistribusie totaal tot stilstand kom.

**„Ons gaan die onregverdighede nie langer duld nie. Ons is die verspreiders van die belangrikste nasionale voedsel — ons gaan aksie neem, nou,"** het 'n slagter gesê.

Slagters van Pretoria, Durban en Pietermaritzburg het hulle langs hul Witwatersrandse kollegas geskaar en ewe-eens besluit om hul slaghuise te sluit indien die regering sy vleisskema nie vóór 21 Januarie terugtrek nie.

**In plaas van ons te laat intimideer deur die dreigement van die slagters om hul slaghuise te sluit, verwelkom ons die besluit, het mnr. C. G. du Toit, onderkontroleur van voedsel, verklaar. Hy het gesê dat dit aan die voedselbeheerorganisasie 'n gulde geleentheid verskaf om die kleinhandel-aspek van die vleishandel op gesonde grondslag te plaas.**

**Mev. Wepener, die vroueleidster, het beloof dat die gedugte strydkragte van duisende Johannesburgse huisvrouens in die stryd gewerp gaan word. Hulle sal toesien dat geen enkele trein die rangeerwerwe verlaat en geen krieseltjie voedsel uitgevoer word alvorens die moeders en kinders van die land gevoed is nie.**

**Ons het reeds 5,000 vrouewagte op die been, het sy uitgeroep.**

Die Vaderland se beriggewer meen dat die eerste skote in Suid-Afrika se „voedselrewolusie" op die monstervergadering afgevuur is.

Op Benoni en later in Germiston het huisvrouens die slagpale bestorm, vars-geslagte karkasse uit die hake verwyder en hulself aan vleis gehelp. Op Boksburg is 'n slaghuis bestorm.

In Kaapstad is huisvrouens toegelaat om die koelkamers binne te gaan ten einde hulself te oortuig dat daar geen vleis opgeberg word nie. 'n Engelse blad berig daarenteen dat vleisvoorrade in die koelkamers opgeberg word.

**Daar heers 'n onrustige gevoel by die volk dat die kosskaarste kunsmatig is omdat ons voedsel uitgevoer word.**

In Port Elizabeth moet die polisie die skare in toom hou by die voedseldépôt van die departement van volkswelsyn wat 200 blankes en 5,000 nie-blankes bedien, berig Sapa. Dit geld veral laasgenoemdes omdat mielies en mielieprodukte haas onverkrygbaar is.

Germiston gaan die voorstel om munisipale plase in die lewe te roep, waar voedsel vir die inwoners geproduseer kan word, oorweeg.

Die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad het eenparig besluit om by sy lede-unies aan te dring om sonder versuim hul lede te laat stem oor die kwessie of daar tot 'n algemene staking oorgegaan moet word as protes teen die heersende chaotiese voedseltoestand in die land.

Die voedselposisie gee aan die bestuurders van openbare eetplekke gryshare. „Ons eters word daeliks meer en ons kosvoorrade word steeds minder", kla 'n bestuurderes. **In hierdie verband het Die O.B. vasgestel dat daar 'n neiging onder stedelinge is om liefs by openbare eetplekke iets vir die maag te bekom, eerder as om die kosvraagstuk tuis die hoof te bied.**

# Reuter Op Sy Agterpote

## Nuusverspreiding Ter Sprake

**'n Hele orkaan is veroorsaak deur 'n Amerikaanse beskuldiging, dat die Britte nuus dokter en dan versprei. Beweer word dat nuus deur die Ryk versprei word, „soos dit bepaal word deur die prosesse van keuring en bewerking wat Britse nuusagentskappe, soos Reuter, daaraan verleen".**

Volgens die gewraakte Amerikaanse staatspamflet, wat die aantygings bevat, het Reuter in sommige lande monopolistiese voordele soos bv. in Indië, waar uitsluitend van die Reuternuusdiens gebruik gemaak moet word omdat aan die agentskap die enigste telegraafdiens aldaar toegesê is terwyl aan die Amerikaners geriewe geweier word.

**Reuter is op sy agterpote oor hierdie aantygings, as sou hy nuus so bewerk, dat hy Britse belangé sou begunstig.**

In 'n verklaring laak die voorsitter van die S.A. persvereniging en hoofbestuurder van die Argus-groep, enige implikasie dat S.A. nuusblaaie met bewerkte nuus tevrede sal wees.

### VRYE PERS IN S.A.

**Die vereniging van S.A. joernaliste wat in die naweek te Pietermartizburg, op sy jaarkongres vergader het, het 'n mosie aanvaar dat 'n parlementêre komitee aangestel word om toestande in die koerantbedryf in Suid-Afrika te ondersoek.**

Die komitee sal o.m. moet vasstel of die beheer van die pers in die land sodanig is dat redaksionele menings vry uitgespreek kan word, en dat voorstelling van nuus vry is, asmede ook of daar enige stremmings op die verspreiding van eerlike nuus is.

**Indien bevind word dat sulke stremmings wel bestaan, sal gevra word dat die parlement oorweging moet skenk aan die stigting van 'n utiliteits-nuuskorporasie, om 'n heeltemal vrye pers in S.A. te verseker.**

# Die Regering Bou Nie Huise Nie

**Die regering kan maar nog nie sover kom om op enigsins groot skaal te begin huise bou nie. Die kroniese aard van die woningskaarste word blykbaar skouerophalend deur die regering as sy kruis aanvaar.**

Verdeelde beheer skep onnodige verwarring en vertraging deurdat sake van enderse aard deur verskillende departemente behartig moet word.

**En as die regering nie oppas nie gaan sy draadsittery oor die kwessie van naturelle-arbeid in die boubedryf die pekel nog vererger. Die regering het oënskynlik verskriklik lus om sy brouwerk op te sier deur naturellearbeiders vir geskoolde werk in die boubedryf te gebruik. Daarenteen wil die regering darem nie graag die steun van die blanke bouwerkers, wat tereg hiervan niks wil hoor nie, verloor nie. Nou talm hy.**

In die tussentyd word die blanke bouwerkers vies en die kommuniste raas en skree oor die sg. veronregting van die naturelle.

**En die woningnood duur voort, en vererger selfs.**

### DIE „LOKASIE"

Gedurende die eerste helfte van 1945 is meer as die helfte meer huis gebou in Kaapstad as gedurende die laaste helfte van die jaar.

**In Vereeniging is 'n aantal blanke gesinne genoodsaak om hulle in die „Lokasie" te vestig. Hulle woon in 'n deel van die Sharpe-Naturellelokasie. Daar woon tans ongeveer 50 gesinne waaronder persone met 'n maandelikse inkomste van £60.** Die huisies is klein en ongerieflik en die mense is van alle geriewe soos telefoondiens en ander verbindings na die dorp verstoke.

Die eerste groep huise wat in Kaapstad in aanbou is, moes aan die einde van Januarie voltooi gewees het. Intussen het die Minister die datum van voltooiing volgens aloue gewoonte verskuif na einde Februarie.

**Daar heers 'n gevoel van ontevredenheid onder oud-soldate aan wie maar nie reg kan geskied in die lig van die beloftes wat aan hulle gedoen is nie.**

### LOSIES

Om losies in Kaapstad te bekom het 'n probleem geword. Hiermee sal ook die lede van die Parlement en ander amptenare kennis maak. Van die 130 aansoeke wat die regering se losies-soeker bereik het, kon losies vir slegs 50 gevind word.

### OP DIE PLATTELAND

Dis nie alleen in die stede waar woningnood hom voordoen nie, maar ook op die platteland, volgens getuienis van reisigers. Op Bloemfontein het vakansiegangers verder moes ry omdat slaapplek vir die nag onverkrygbaar was. Die persone het dieselfde ondervind op Reddersburg en Touwsrivier.

### ORAL IN DIE WêRELD

Mnr. C. R. Borgenhagen, die Kontroleur van Boumateriaal in die Unie, het tot die gevolgtrekking gekom dat „die behuisingsvraagstuk oral in die wêreld akuut is". Hy het uit die buiteland teruggekeer van 'n besoek aan V.S.A., Kanada en Engeland, waar hy 'n deeglike studie van die boutoestand gemaak het. Oral het hy dieselfde probleme gevind.

Die V.S.A. verkeer tans in die grootste woningnood en behuisingskrisis bekend.

Luidens 'n verklaring van die Behuising-administrateur John Blandford is daar 1,200,000 Amerikaanse gesinne vandag twee-twee gevestig. Na verwagting sal hierdie getal in die komende twee jaar verdubbel.

### SLAAP IN MOTORS

Gesinne word daagliks in Washington uit hulle huise verdryf omdat die verhuurders aanspraak daarop maak. Dit gebeur dikwels dat huise oor die huurders se koppe verkoop word. Hierdie mense het geen heenkome nie.

In Atlanta, Georgia, het alleen 2,000 mense geantwoord op 'n advertensie vir een enkele kamer. Dit gebeur dikwels dat persone in hulle motors slaap.

**Die tekort aan materiaal en die ontstabiele arbeidsmark word aangegee as die oorsaak van al hierdie moeilikhede.**

# Blanke Uittog Uit Asië



**Die Nieuw Amsterdam het 'n geselskap van 3,765 Hollanders wat geïnterneer was in Hollands-Oos-Indië, vir repatriasie na Europa gebring.**

**In Southampton is die geselskap oorgelaai op 'n Britse skip vir die laaste skof van hul reis.**

**Die foto toon 'n groepie van die geselskap se kleinspan wat saam met die bagasie, trolliewa ry tussen die skepe.**

# „Strooptog" In Pretoria

Die eerste „strooptog" onder die nuwe opgaar-regulasies is in Pretoria deur amptenare van die voedselbeheer gedoen.

Onder die goedere waarop beslag gelê is, is meer as 1,200 pond tee, 100 sakke kafferkoring, 109 kissies gekondenseerde melk en 230 sakke suiker.

Al die goedere is bevries, hangende verdere ondersoek.

# Eksamenuitslae

Die Kaaplandse Junior en Senior Sertifikaat-eksamenuitslae word in hierdie week verwag. Insake die verskaffing van uitslaggegewens (soos ons verlede week aangekondig het), wens ons by te voeg dat ook gedurende die aand van die dag waarop die uitslae bekend word, die gevraagde gegewens verstrek sal word. Skakel nommer 3.0881.

# Bouwerkers Keur 10-Jaar Skema Af

**Die regering het besluit om aan bou-ambagsmanne 'n tienjaar-waarborg vir werk in geproklameerde gebiede aan te bied, ten einde voorsiening te maak vir 'n behoorlike arbeidsbron vir die nasionale behuisingskema, berig Sapa.**

Kragtens die skema kan bouambagsmanne om registrasie aansoek doen. Die besit van 'n registrasiekaart waarborg aan hulle werk vir 10 jaar en 80 persent van hulle normale loon in tydperke wanneer hulle nie werk nie.

**Op Pietermaritzburg het die skrynwerkersvakbond hierdie skema afgekeur: (1) omdat daarin geen verbod geplaas word op naturelle as bouvakkundiges nie, aangesien die regering die saak vir toekomstige bespreking oophou; (2) omdat geen regering 'n waarborg van 10 jaar kan gee nie, want hy kan val en sy opvolger kan weier om die ooreenkoms uit te voer; (3) omdat bouwerkers se lone deur die skema „bevries" word, waardeur daar nie rekening gehou word met moontlike lewenskoste-styging nie.**

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS